


# VRYPOS

Tweeweeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**

# Paastyd

**24 MAART 2023** | JAARGANG 21

UITGAWE
**05**

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

03 Afrika-Ekumene | **Tropiese Sikloon Freddy saai verwoesting in Malawi en Mosambiek -** ***verwoesting noodsaak dringende hulp***

## 04 ARTIKELS

04 Verbi Divini Minister | **Identiteit ontmasker**

04 JST | ***The Journal of Systematic Theology*** **Volume 2 | Uitgawe 8**

04 Netwerke | **Betekenisvolle veroudering – ons Gerontologie Netwerk**

04 Sentrum vir Predikantebegeleiding | **Intens maar Fantasties!**

04 Werkgroep vir Islam | **Islam se strategie in lande waar hulle in die minderheid is**

04 Afrika-Ekumene | **Bestekopname van gemeentes se werksaamhede in Lesotho**

05 Visionering | **“Sewe laaste bedes vir ons”**

## 07 MEDIATEEK

07 Boekresensie | ***Ons wil Jesus sien: Ses stasies in Jesus se lewe, Sy geskiedenis en ons getuienis oor Hom***

07 Inventaris

## 08 EKOLOGIE

08 25 Maart 2023 | **Aarde-uur/*Earth Hour* -** ***60 minute vir die aarde/60 minutes for Earth***

## 09 AKTUEEL ALGEMEEN

09 Diaconia | **NG Kerk uitreik na Turkye**

10 Advertensies

11 CLF | **Pinksterreeks 2023**

## 12 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

## 13 KALENDER

## 14 BETREKKINGS

## 15 VERJAARSDAE

## 16 'N LAASTE GEDAGTE

## 18 KONTAK ONS

## FOTO'S

Canva | Pixabay
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Dr Martin Laubscher | Dr Henco vd Westhuizen | Mariëtte Odendaal | Ds Elize Nel | Dr Enrico Casaleggio | Dr Nico Mostert | Ds Fanus Henning

---

## LOER, LEES EN LEER

saam met ons in hierdie uitgawe en laat weet ons asseblief wat jy dink!

## DAGBOEK DÍT

NG Kerk Vrystaat Buitengewone Sinodesitting op **Dinsdag 18 April** te **Geloofsentrum Universitas**, Bloemfontein.

## VOLGENDE VRYPOS

Vrypos hou vakansie! Die volgende uitgawe verskyn op **Vrydag 14 April**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


### BYDRAES EN NAVRAE

cmclean@ngkvs.co.za

# CELICIA MCLEAN


ngkerkvrystaat.co.za



# VRYPOS-FOKUS

AFRIKA-EKUMENE

## TROPIESE SIKLOON FREDDY SAAI VERWOESTING IN MALAWI EN MOSAMBIEK

### VERWOESTING VAN SIKLOON FREDDY NOODSAAK DRINGENDE HULP

DEUR MARIËTTE ODENDAAL

*Soos ons oor die afgelope tyd in die nuus gehoor het, het die **tropiese sikloon Freddy** enorme skade en menseverlies in Malawi en Mosambiek veroorsaak.*

### Inleiding

Rampe sal altyd met ons wees en dit vang ons gewoonlik onverhoeds, soos ons ook nou gesien het met die tropiese sikloon, Freddy. Honderde mense het alreeds hul lewens verloor en duisende is ontheem.

“Vanuit kerklike geledere moes daar dadelik planne beraam word oor hoe ons ons medegelowiges in die dele wat die ergste getref is, kan bystaan,” vertel dr Daniël de Wet, bestuurder van Wes-Kaapland se Getuienisaksie Taakspan Ekumeniese Verhoudinge in Afrika.

“Eerstens het Getuienis-aksie, in samewerking met Diaconia se Rampfonds, verlede week as eerste respons op dié ramp ’n bydrae van R60 000 ter verligting van ons susterkerk in Mosambiek, die Igreja Reformada em Moçambique (IRM), se Mphatso en Tumbine sinodes gemaak.” Daardie areas is geweldig swaar deur die sikloon getref.

Tweedens sal daar verdere hulp op ’n breër ekumiese vlak aangebied word wat op ander areas sal fokus waarby die Wes-Kaap nie so betrokke is nie, soos ons susterskerk in Malawi, die Church of Central Africa Presbyterian (CCAP), se Sinode van Blantyre in die suide van Malawi en ook ander areas van Mosambiek. Daar is alreeds verlede Vrydag vanuit die Wes-Kaap gesprekke met ds De la Harpe le Roux, uitvoerende amptenaar van die NG Kerk Sinode Vrystaat se Diens van Barmhartigheid gevoer. Hy sal as koördineerder van hierdie rampbestuursinisiatief optree. Mense wat ’n bydrae tot hierdie fonds wil maak, kan hom vir meer inligting by dlh@ngkvs.co.za skakel.





Kontak Nico Mostert by missio@ngkvs.co.za of Daniël de Wet by missio@kaapkerk.co.za vir meer inligting.

*Bydraes kan inbetaal word by*

Hoopfonds Mosambiek
NG Kerk Vrystaat | Nedbank | Tak 198765
Tjekrekening 1178097218
Verwysing *Mosambiek*

***Foto's** deur ds João Herbath Kachemue, die algemene sekretaris van die IRM Tumbine Sinode*

Lees hier »

# ARTIKELS

## UIT DIE SINODE

BEDIENINGSBEGELEIDING

Verbi Divini Minister

**Identiteit ontmasker**

*Dr Martin Laubscher*
*Erediens Netwerk*



**Lees hier »**

BEDIENINGSBEGELEIDING

Volume 2 | Uitgawe 8

***The Journal of Systematic Theology***

*Dr Henco van der Westhuizen*
*Digitale Bediening Netwerk*



**Lees hier »**

BEDIENINGSBEGELEIDING

Netwerke

**Betekenisvolle veroudering – ons Gerontologie Netwerk**

*Mariëtte Odendaal*



**Lees hier »**

BEDIENINGSBEGELEIDING

Sentrum vir Predikantebegeleiding

**Intens maar Fantasties!**

*Ds Elize Nel, Sentrum-deelnemer*



**Lees hier »**

VENNOTE IN GETUIENIS

Werkgroep vir Islam

**Islam se strategie in lande waar hulle in die minderheid is**

*Dr Enrico Casaleggio*



**Lees hier »**

VENNOTE IN GETUIENIS

Afrika-Ekumene

**Bestekopname: Gemeentes se werksaamhede in Lesotho**

*Dr Nico Mostert, Uitvoerende Amptenaar*



**Lees hier »**

VISIONERING



# "SEWE LAASTE BEDES VIR ONS"

**Deur ds Jan Lubbe**
Voorsitter van die Moderamen

> *"O Heer, laat hierdie dae heilig word: laat alles val wat pronk en sieraad was of enkel jeug, en vér was van die pyn; laat ryp word, Heer, laat U wind waai, laat stort my waan, tot al die hoogheid eindelik vas en nakend uit my teerder jeug verskyn."*

## "Die jaar word ryp..."

### *het NP van Wyk Louw oor die herfs gedig.*

Maart se einde kom aan. Vandag sluit die skole. Die eerste kwartaal van 2023 het oor ons getrek, uitdagend, veeleisend, ent-ent stormagtig. Op 'n Woensdag iewers tussen-in het ons Lydenstyd ingegaan, gedagtig aan Jesus van Nasaret op sy Via Dolorosa. Sewe weke van tot inkeer kom, stilraak, selfondersoek, gebed, vas, wag.

In die aanbidding en verkondiging in hierdie seisoen van die kerkjaar, het daar deur eeue heen in Christelike Kerke sewe kort frases bymekaargekom: "Die Sewe Kruiswoorde van Jesus." In die vier Evangelies lê dié laaste woorde van Jesus op Golgota nie byeen of in volgorde nie. Die getal sewe moet waarskynlik ook simbolies verstaan word as "die volle getal".

In ewewig. Soos die arms van die groot kandelaar in die ou tempel eens. Dit mag wees dat Jesus méér woorde in sy laaste ure geuiter het, ons weet nie. Nie een van die vier Evangelies teken ook ál sewe kort frases op nie; trouens, slegs die vierde een kom in meer as een van die Evangelies voor (Matteus en Markus).

Die eerste drie kort sinnetjies is deur die loop van die Vrydagoggend tussen nege- en twaalfuur op Golgota gehoor, en het hoofsaaklik op mense rondom die kruis betrekking gehad; die laaste vier daardie middag ná die duisternis, toe Jesus teen drie-uur gesterf het; vier woorde waarin Hy die ontsettende diepte van sy leed en lyding uitgeroep het...

**Lees meer**

NG Kerk
Vrystaat

BLOEMFONTEIN

# BUITENGEWONE SINODESITTING 18 APRIL 2023

Strausstraat 12 | Universitas | Bloemfontein 9301

## GELOOFSENTRUM UNIVERSITAS

*Lig in die duisternis,* ***hier vir God, mekaar en die wêreld***

UITGEWER BYBEL-MEDIA

# ONS WIL JESUS SIEN

Skrywers
**Coenie Burger**
**Marius J Nel**

## *Ses stasies in Jesus se lewe, Sy geskiedenis en ons getuienis oor Hom*


“Terwyl daar onder gelowiges dikwels verwarring heers oor hoe die Bybel ons in ons onderlinge verskille help, wil hierdie boek van twee gelowige akademici gewone gelowiges lei sodat ons oë en ore weer kan oopgaan vir die goeie boodskap dat Jesus in Sy lewe en werk vir ons kom wys het hoe en wie God is - 'n boodskap wat ons dikwels nie reg hoor en verstaan nie. Ons word daaraan herinner dat Jesus reeds van die vroegste tye af in die kerk verkeerd verstaan is en dat daar juis nie genoeg aandag aan die volle omvang van Jesus se lewe en werk gegee is nie. In die grootste deel van die boek fokus die skrywers op die goeie nuus van Jesus se menswording; Sy aardse boosheid en skuld; die goeie nuus oor die vreemdheid van Jesus se opstanding; die ongelukkig afgeskeepte viering van Sy hemelvaart en die goeie nuus van Jesus se tweede koms.”

- ***Boekprent oorgeneem uit*** *Kopiereg © 2018 Bybel-Media*

“Lesers word dan uitgedaag om Jesus werklik na te volg, met die oproep dat egte geloof juis by Jesus se opstanding of opwekking begin, want "as ons nie weet van die opstanding en die oorwinning van Christus en die transformerende werk van die Gees nie, weet ons intuïtief dat ons dit eenvoudig nie in ons het om Jesus in Sy lyding na te volg nie". Mag hierdie boek ons oë en ore laat oopgaan om ware navolgers van die opgestane Jesus te wees.”

- ***Bernard Combrink***

*Emeritus-professor in Nuwe Testament, Stellenbosch Universiteit*
*Hoofvertaler van 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans*




## MEDIATEEK | **INVENTARIS**

Loer gerus na die **Mediateek** van die NG Kerk Vrystaat, Sinodale Kantoor se volledige inventaris hieronder.

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**.

**Hierdie boek is beskikbaar in die Mediateek.**

**Loer hier** »




***Oorgeneem uit** VrydagNuus 24 Maart 2023, Sinode Wes-Kaapland*

**Op Saterdag 25 Maart vier ons Aarde-uur.** Dit het in 2007 begin met die aanvanklike oproep om geen ligte vir 'n uur lank te gebruik nie. Aarde-uur het intussen uitgebrei na ook ander maniere om enige 60 minute gedurende dié dag op te offer en iets positiefs vir ons mooi aarde te doen. Meer as 51 555 mense uit 144 lande het al teen Maandag amptelik beloof om op Saterdag by hierdie onderneming in te skakel. Komaan, kom ons doen vanjaar almal iets positiefs vir ons mooi aarde. As jy na idees soek, loer hieronder.

---

© 2023 EARTH HOUR

60 EARTH HOUR

Loer hier »

# NG KERK **UITREIK** NA TURKYE

**Deur** Diaconia, Sinode van Wes-Kaapland

Die sinodale diensgroep, **Diaconia** in die Wes-Kaap stel hul rampfonds diensbaar en moedig die publiek landwyd aan om by te dra tot 'n gesamentlike uitreik na Turkye.

***"As jy kans het en dink dit is die regte ding om te doen, kan jy hierdie inligting gebruik en 'n skrywe na al die sinodes uitstuur.***

***Ons bied bloot aan om dit te koördineer en doen dit met groot verantwoordelikheid."***

*Dr Gustav Claassen*
*Sekretaris: Algemene Sinode*

DIACONIA
GEE VAN JOUSELF | BE A GIVER | YIBA NGUMPHI

Ons land se mense is **omgeemense**



## Turkye en Sirië Rampondersteuning

'n Effektiewe en betroubare ramphulpfonds vir voeding en fisiese nood.


Diaconia
Nedbank
Rekeningnr: 1135900337
Takkode: 198765
Verwysing - vir beertjies: Teddies Turkye
Verwysing - geld vir die uitreik: Hulp Turkye

Kom ons maak 'n lewegewende verskil.

**Diaconia-netwerk** het verskeie bedieningsgroepe in Turkye om te verseker dat die fondse en ons boodskap van liefde, hoop, bemoediging en medelye by die regte plekke uitkom. Die inisiatief word heelhartig belyn met georganiseerde rampondersteuning wat tans plaaslik in Turkye gelewer word. Ons vertrou nou reeds dat die Here die pad sal berei dat dit meer as geld is wat uiteindelik by mense in nood uitkom. Daar sal deurlopend terugvoer gegee word oor die stand van die fonds, wanneer 'n oorbetaling gemaak word en waarvoor geld aangewend word.

Diaconia ondersteun ook die NG Gemeente Albertinia se inisiatief om beertjies na Turkye te stuur. Uitreikspanne sal nog vir maande wat kom, by mense uitkom wat diep getraumatiseer is, onuitspreeklike seer beleef en dalk alleen voel. Veral ook by kinders. Die Here het dit op hierdie gemeente se hart gelê om met hierdie projek iets in die rugsak van ramphulpwerkers te sit waarmee hulle kinders wat oor hul pad kom, kan troos.

**Lees meer oor Beertjies vir Turkye HIER**.




Klik hier





Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier





Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier

# PINKSTER

## **HOOP** IN HANDELINGE

Deur

**Dr Pieter van Jaarsveld**

*Emeritus-leraar van Bloemfontein en voormalige moderator van die NG Kerk Vrystaat.*

### PENTECOST

### PINKSTER

Die naam van hierdie Pinksterreeks is "Hoop in Handelinge". Handelinge is een van die mees indrukwekkende boeke in die Bybel – dit vertel die storie van die vroeë kerk. Daar is verhale van wonderdade, geloof wat mense inspireer, buitengewone wysheid, waagmoed en menselewens wat handomkeer verander het. Dít alles te danke aan die kragtige werking van die Heilige Gees – die Gees van die opgestane Christus wat self teenwoordig is en sy kerk op aarde vestig. Tog word hierdie boek afgeskeep of net selektief gelees. In hierdie reeks word daar opnuut - met "hoop" as lens - gekyk na sewe tekste uit Handelinge. Daar gaan gekyk word na elke teks se konteks en hoe dit vir ons vandag hoop gee. Hierdie Pinksterreeks is geskryf deur dr Pieter van Jaarsveld – voormalige moderator van die NG Kerk Vrystaat en emeritusleraar van Bloemfontein.



***Oorgeneem uit*** *https://clf.co.za/resource-toolkit/*

### ANDER HULPBRONNE

Kyk gerus ook HIER na ons jongste Preek-oordenkings, Webjoernale (Blogs) en Oordenkings wat op CLF se Hulpbronsentrum gelees en gedeel kan word.

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

## NUWE PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE



Nuuswenke oor lidmate, gemeentes of ringe wat uit die boks dink om 'n verskil in hul omgewing te maak, is baie welkom.

E-pos: **helene@bmedia.co.za**

Bybel-Media

**Publikasie**
*Jy sal oukei wees*

**Loer hier**

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

Bybel-Media

**Publikasie**
*Seeking God*

**Loer hier**

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

Bybel-Media

**Publikasie**
*Geanker in geloof*

**Loer hier**

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

## BROKKIES UIT kerkbode

PODSENDING
**Jaco Strydom gesels met Rudi en Ivor oor die kerk en die land wat brand**
*Oorgeneem uit Kerkbode, Artikels*
*23 Maart 2023*

ELDERS GELEES
**#imagine verdiep verhoudings**
*Oorgeneem uit Kerkbode, Nuus*
*23 Maart 2023*

**Nelis Janse van Rensburg | Opleiding vir almal in kerk**
*Oorgeneem uit Kerkbode, Rubrieke*
*22 Maart 2023*

**Gebede vir dominee wat steeds in intensiewesorgeenheid is ná ongeluk tydens oggenddrafsessie**
*Oorgeneem uit Kerkbode, Nuus*
*17 Maart 2023*

# KALENDER

Stuur alle kalender-gebeure aan **cmclean@ngkvs.co.za**

nuut

## FICKSBURG

PAAS-WANDELROETE

**STILLE NADENKE EN VERDIEPING VIR DIE SIEL**

Almal welkom | Paastyd uitstallings

| 03 | 04 | 23 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

nuut

## BERG-EN-DAL

AANDETE EN GESPREK

**DEERNISVOLLE KOMMUNIKASIE IN LIEFDESVERHOUDINGE/HUWELIK**

18:00 | Louwrens & Gerda Scheepers | R200 p/paar

| 14 | 04 | 23 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

nuut

## BERG-EN-DAL

DAMESOGGEND

**OM VAN HART TOT HART TE PRAAT**

09:30 Kerksaal | Gerda Scheepers | R150 p/p

| 15 | 04 | 23 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

nuut

## HUGENOOT

OUERSKAP TOERUSTINGSGELEENTHEID

**AANBIEDER | GEREGSIELKUNDIGE SMITTIE BINDEMAN**

Weekliks 17:30 vir 12 weke | @ R800 of R100 p/p

| 19 | 04 | 23 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

**www.ngkerkvrystaat.co.za**

NG Kerk Vrystaat

Loer gerus op die **webblad se kalender** vir alle belangrike datums en gemeentegebeure

# BETREKKINGS

VAKATURES | PREDIKANTENUUS










# Predikantenuus

VRYSTAAT

## BEROEP

NG Gemeente Berg-en-Dal, Bloemfontein, het tydens die kerkraadsvergadering op 5 Maart 2023, **prop Janke Charlise Hurter** beroep as jeugleraar vir 'n termyn van drie jaar. **Ds JG (Johannes George) van der Watt** vanaf NG Gemeente Kerkenberg, Harrismith, is beroep na NG Gemeente Vrede-Wes en die dienskontrak neem aanvang op 1 April 2023. *(Oorgeneem uit Kerkbode, 10 Maart 2023)*. **Ds MC (Marius Collin) Barnard** vanaf NG Gemeente Hofmeyr, is beroep na NG Gemeente Kroonstad-Oos en die dienskontrak neem aanvang op 1 April 2023.

## AKTE VAN DEMISSIE

Op 12 Maart 2023 ontvang **dr Jeremias de Klerk (Mias) van Jaarsveld** die Akte van Demissie by aanvaarding van 'n ander werk met behoud van bedieningsbevoegdheid vanaf NG Gemeente Heuwelsig, Bloemfontein. Dr Mias van Jaarsveld het die pos as junior redakteur van CLF aanvaar. Die rykste seëninge van die Here word hom in sy nuwe werk van harte toegebid. *(Oorgeneem uit Kerkbode, 17 Maart 2023)*.

**Kerkbode**

**VIR MEER INLIGTING** | woes@mweb.co.za / 023 342 6030

**Afloslereaars**

**VIR MEER INLIGTING** | daf@ngkvs.co.za / (051) 406 6700

# VERJAARSDAE



*Veels geluk!*

Wense
van voorspoed,
God se seëninge
en genade vir die
nuwe lewensjaar.

## MAART

**24** Ds Johann Kemp
CORNELIA

**30** Mev Christelle Smith
SINODALE KERKKANTOOR

**30** Ds Werner Burger
ZASTRON

## APRIL

**01** Ds Gert Oosthuizen
KOPPIES-WELTEVREDE

**08** Ds Org van der Watt
KERKENBERG

**09** Ds Jors Reynders
BLOEMHEUWEL

# 'N LAASTE GEDAGTE

TEKS: **Efesiërs 1: 7-10** (AFR83)

**Ds Fanus Henning** | Leraar van NG Gemeente Aandbloem

# Dit het die **bloed van Christus** gekos!

***"Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God..."***

EFESIËRS 1:7 AFR83

Einde Maart 2023 - ons staan aan die vooraand van Goeie Vrydag en Paassondag. Ons herdenk die dood en opstanding van Jesus Christus.

In Efesiërs 1 bring Paulus lof aan God die Vader wat ons in Christus geseën het. Hy noem die seëninge wat die gelowige in Christus ontvang het, een vir een! Paulus huiwer ook nie om taal te gebruik wat die leser daaraan herinner waar die sondeval van die mens ons voor God gelaat het nie. Die vryheid van lewe deur God gegee, is verbeurd verklaar. Die mens het 'n slaaf van die sonde geword. Is verlossing daarvan enigsins moontlik? Ja, maar slegs as die losprys betaal sou word! Vers 7 en 8 kondig aan: "Deur die bloed van Sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God wat Hy in al sy wysheid en insig so oorvloedig aan ons geskenk het". Paulus verduidelik langs watter pad vryheid van sonde verkry is. Wat vroeër 'n geheim was, het God deur Christus bekend gemaak.

Vers 10: "Sy (God se) bedoeling was om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus".

'n Voorneme om die hemelse sfeer van God en die aarde as sfeer van die sondige mens, gesien as twee vyandige wêrelde teenoor mekaar deur die toedoen van die mens, met mekaar te versoen. Hoe?

Dié geheim is bekend en die wil van God is deur Christus tot uitvoer gebring. Christus, die Gesalfde, het die twee wêrelde bymekaar gebring! Vrede en harmonie tussen God en mens het gekom, maar moet ook nou daar wees tussen God se kinders onder mekaar – juis hier waar die kerk van Jesus Christus vandag leef!

**Dit het die bloed van Christus gekos!**

**Blogartikel** »



Foto: **Ds Fanus Henning**



*Photo from the Facebook page "THABO Olivier Let's Grow Food"*

# THABO OLIVIER

Let's **Grow Food**

**Thabo**
is not your typical politician. His innovative ways of growing food have captured the imagination of people across Africa.

## Saturday 25 MARCH 2023

**Come and join us** for an inspirational, learning and motivational experience with **Thabo Olivier**

**Anyone from the community is welcome**

**10:00**

**Caledonpark Primary School**
Caledon Street, Ficksburg

*For more information*
WALDEMAR STUMPFE
+27 (0) 82 894 7457

***Note the date has changed**

© 2023 | NG Kerk Vrystaat

# KONTAK ONS

## REDAKSIE

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn, 9301
Posbus 11412, Universitas, 9321

Stuur enige nuusgebeure, bydraes of inligting **voor 12:00 Woensdae** na **cmclean@ngkvs.co.za**




# Samestellers

Celicia McLean (Redaksioneel)
**cmclean@ngkvs.co.za**

Carlie Niehaus
**carlie@ngkvs.co.za**

**skakel@ngkvs.co.za**

@NGKERKVRYSTAATAMP • NGKERKVRYSTAAT.CO.ZA

Indien jy op **VRYPOS** wil inteken | **KLIK HIER** | Stuur 'n e-pos om **VRYPOS** te kanselleer

© 2023 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG KERK VRYSTAAT | © **2023**
Departement Kommunikasie en Bemarking